


# Onse Liewe Vrou van Smarte
# 15 September

OP DIÉ DAG NÁ DIE KRUISVERHEFFING
gedenk die Kerk DIE SEWE SMARTE VAN MARIA.

Om moeder te wees van die Verlosser was 'n voorreg en eer,
maar dit het haar ook baie pyn en verdriet gekos.
Die groeiende teenkanting teen haar Seun
van die godsdienstige leiers van die volk,
sy arrestasie en onregverdige verhoor,
die foltering wat Hy moes verduur
en die verskriklike doodstryd aan die kruis,
moes sy alles in stilte aanskou.
Niemand kan die pyn beskryf
wat daar in 'n moederhart omgaan nie.
Getrou het sy egter op haar plek gebly
tot aan die voet van die kruis